

Hoofstuk van die dag: Hosea 9

> *Efraim is dodelik getref. Sy wortels het verdroog, hy kan nie meer enige vrugte dra nie. (vers 16)*

In die Ou Testament word die vyeboom dikwels as simbool van Israel gebruik; veral ’n vyeboom wat geen vrugte het nie. Treffende voorbeelde hiervan kry ons in Jer 8:13 en Miga 7:1-3. Dit vertel van God se diepe teleurstelling in sy volk.

Hulle het met soveel belofte begin (vers 10), maar hulle het God se hoop vertrap deur hulle rug op Hom te draai en agter die vrugbaarheidsgode van die Kanaäniete aangeloop (vers 1 en 10). Hulle het net soos die Benjaminiete in die tyd van Gibea geword (lees gerus Rig 19-21).
Die aanklag van Hosea teen Israel help ons om te verstaan wat in Matt 21:18-20 gebeur het toe Jesus die vyeboom vervloek het omdat daar geen vrugte was nie, hoewel die blare die moontlikheid van voorvye gesuggereer het. Dit was nie uit frustrasie of spanning of woede wat Jesus die vyeboom vervloek het nie. Dit was uit teleurstelling in God se mense wat geen vrug in hulle lewens gedra het nie, al het hulle al die uiterlike tekens gehad van ’n godsdienstige volk.
Christus soek ook by jou die vrug van die Gees (Gal 5:22-23).

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026